higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT

KINDERGESONDHEID N4

(9070244)

16 November 2023 (X-vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 10 bladsye.

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
KINDERGESONDHEID N4
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Gebruik slegs ‘n blou of swart pen.
5. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.15) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1.1 ‘n Goeie posisie vir die baba om die nek-, skouer- en rugspiere te versterk.

A Linkerkantposisie
B Rugposisie
C Prone position (maagposisie)
D Regterkantposisie

1.1.2 ‘n Tekort aan Folate (foliensuur) gedurende swangerskap beinvloed die neonaat se …

A breinontwikkeling.
B beenontwikkeling.
C spierontwikkeling.
D hormoonontwikkeling.

1.1.3 ‘n Ondersteunende emosionele omgewing vir ‘n jong kind sluit die volgende in:

A Voldoende voedingstowwe
B Smee van emosionele bande (‘bonding’) met die hoofversorger
C Interaksie met die portuurgroep
D Voldoende fisiese aktiwiteite

1.1.4 ‘n Sosiale faktor wat ‘n uitwerking op die kind se gesondheid het, sluit die volgende in:

A Vaste etenstye
B ‘n Aantreklike en uitnodigende omgewing
C Gesonde portuurgroepinteraksie
D Voldoende buitenshuise spel

1.1.5 Identifiseer die korrekte veiligheidsvoorsorgmaatreël wanneer die baba gebad word.

A Gun die baba of kleuter privaatheid in die badkamer deur hom of haar alleen te los.
B Tap nog water in die bad wanneer die baba of kleuter in die volwasse bad is.
C Laat die baba of kleuter hulself teen die bad se rand optrek of in die bad staan.
D Tap eers koue water in, en dan warm water.

1.1.6 Toewikkeling (‘swaddling’) verwys na …

A ‘n metode om ‘n baba in ‘n kombers toe te draai.
B ‘n manier om ‘n baba veilig in jou arms vas te hou.
C om die baba veilig met ‘n ligte kombers op jou rug vas te maak.
D ‘n metode om ‘n doek vas te maak as jy nie doekspelde het nie.

1.1.7 ‘Top and tailing’ verwys daarna …

A om die baba se hare te was en dan te stileer.
B om net die baba se boudjies en gesig te was.
C om wanneer jy die baba bad, bo te begin en onder te eindig.
D die baba ‘n bietjie in die bad te laat rondspat nadat hy gewas is.

1.1.8 Die gemeenskap kan oor die dagsorgsentrum se aktiwiteite ingelig en daarby betrek word deur …

A huisbesoeke.
B mobiele klinieke.
C kennisgewings in winkelsentrums op te sit.
D boodskappe saam met die kind huis toe te stuur.

1.1.9 Rehabilitasie van ons omgewing verwys na …

A die voorkoming van die fisiese verval van ons omgewing.
B maatreëls wat getref word om te verseker dat geen verdere skade aan ons omgewing aangerig word nie.
C maatreëls wat getref word om bestaande skade te herstel en ‘n gesonde omgewing te bevorder.
D die handhawing van ons omgewing in ‘n gesonde toestand.

1.1.10 Identifiseer ‘n nadeel van flenniedoeke.

A Skadelik vir die omgewing
B Nie vierkantig nie, wat dit moeilik kan maak om te vou
C Kan slegs eenmaal gebruik word, wat dit duur maak
D Waterdigte broekies is nodig, wat die koste verhoog

1.1.11 ‘n Voorbeeld van bakterieë wat in besmette voedsel voorkom.

A Masels
B Griep
C Salmonella
D Koronavirus

1.1.12 ‘n Kind wat baie bleek is, veral aan die binnekant van sy ooglede, ly heel waarskynlik aan …

A ‘n ystertekort.
B vetsug.
C ‘n vitamien C-tekort.
D ‘n vitamien D-tekort.

Kopiereg voorbehou

1.1.13 ‘n Metode om ‘n doek te vou, is die … metode.

A doekruilmatjie
B vlieër-
C flennie-
D klassieke

1.1.14 Encopresis verwys na …

A nagdroogheid.
B dagdroogheid.
C gebrek aan opelyfbeheer.
D gebrek aan blaasbeheer.

1.1.15 Brandboudjies kan sonder mediese ingryping behandel word indien die volgende riglyn gebruik word.

A Gebruik doekvoerings en salf wat sink bevat.
B Gebruik babapoeier om uitslag te verminder.
C Gebruik Vaseline op die geaffekteerde area.
D Los dit net so, omdat dit mettertyd self sal genees.

(15 × 1) (15)

1.2 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.15) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

1.2.1 Asyn kan by die laste afspoelwater gevoeg word om te help om seep-oorblyfsels te verwyder.

1.2.2 ‘n Faktor wat die ma kan dwing om die kind vroeg te speen, is dat die ma te jonk is om te borsvoed.

1.2.3 Die epiglottis is ‘n klein flappie kraakbeen in die larinks (slukderm) wat oopmaak wanneer lug ingeasem word en toemaak wanneer ‘n persoon eet, om te voorkom dat kos in die longe beland.

1.2.4 Leefstylkeuses soos rook en oormatige alkoholverbruik word deur oorerflike faktore soos druk deur die portuurgroep veroorsaak.

1.2.5 Kleuters se skoensole kan grof gemaak word voordat hulle die skoene dra om te help voorkom dat hulle gly.

1.2.6 Gemodifiseerde melkformule moenie vir ‘n baba wat laktose-intolerant is, gegee word nie.

1.2.7 Gedurende swangerskap kan die swanger ma, weens veranderings in haar immuunstelsel, meer kwesbaar word vir bakteriese infeksies en reaksies op bepaalde voedselsoorte.

1.2.8 Alle nuwe klere moenie gewas word voordat dit gedra word nie, om te voorkom dat dit beskadig word en kleur verloor.

1.2.9 'n Veiligheidsmat moet in die bad gebruik word om te voorkom dat die baba of kleuter gly.

1.2.10 Nies is 'n refleks wat help om van stof en ander irritante ontslae te raak.

1.2.11 Daar is geen risiko vir swanger vrouens as hulle naby besoedelde/besmette grond woon nie.

1.2.12 Borsvoeding verhoog vrouens se kanse om borskanker te kry.

1.2.13 Die elmboog is 'n voorbeeld van 'n bal-en-potjie-gewrig.

1.2.14 Passiewe immuniteit word aan die baba oorgedra deur immunisasie by 'n kliniek of hospitaal ooreenkomstig die immunisasie-skedule.

1.2.15 Die baba se toe neus kan tot frustrasie en voedingsprobleme lei.

(15 × 1) (15)

1.3 Kies 'n term uit KOLOM B om by 'n beskrywing in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–F) langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
1.3.1	'n Dokter wat in kindergesondheid spesialiseer	A	skeerbuik
1.3.2	Dit ontvang bloed met koolstofdioksied van die liggaam en pomp dit na die longe	B	mastitis
1.3.3	Die inflammasie van die borsweefsel is gewoonlik die gevolg van 'n besmette of verstopte melkklier	C	ragitis
1.3.4	Vitamien D-tekort waar 'n kind nie aan sonlig en 'n dieet ryk aan Vitamien D blootgestel word nie	D	pediater
1.3.5	Vitamien C-tekort	E	hart
		F	longe

(5 × 1) (5)

1.4 Voltooi die volgende sinne deur 'n woord of woorde uit die lys hier onder te kies. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (1.4.1–1.4.15) in die ANTWOORDBOEK neer.

kontakte; sprei; nylon; wanvoeding; plasenta; oosterse; steriliseermiddel, vakuumbevalling; educare-sentrum; aanhegting; geelsug; vlieër; simptome; katoen; snappi-nappy; gesondheidspan; serviks; stut; speelgroepe

1.4.1 'n Plek waar daar na babas, kleuters en jong kinders omgesien word en waar hulle van 'n stimulerende en opvoedkundige program voorsien word

1.4.2 Simptome sluit 'n gelerige skynsel op die vel en oë in

1.4.3 'n Swaminfeksie wat geïdentifiseer word deur 'n romerige bedekking aan die binnekant van die wange, tong en die verhemelte, of 'n knopperige rooi uitslag om die anus

1.4.4 'n Voedingstegniek waar 'n bottel op 'n kussing of voorwerp laat rus word terwyl die baba drink

14.5 Mees geskikte materiaal vir babaklere omdat dit natuurlik, sag en lig is

1.4.6 Enige persoon of organisasie wat 'n bydrae tot die educare-sentrum kan lewer met betrekking tot gesondheid

1.4.7 Die orgaan wat aan die fetus vasgeheg is om voedingstowwe vanaf die moeder te voorsien

1.4.8 Die mees geskikte doekvoumetode vir seuntjies

1.4.9 Die baba se mond suig sterk aan die tepel vas tydens voeding

1.4.10 Persone wat in nabye kontak was met mense wat aan die en of ander aansteeklike siekte ly

1.4.11 Wanneer 'n spesiale koppie met 'n suigpomp aan die baba se kop vasgeheg word om die baba deur die geboortekanaal te help beweeg

1.4.12 Dit het hakies wat stewig in die vorm van 'n T aan die doek vasgeheg is om dit toe te hou

1.4.13 'n Chemikalie, in die vorm van 'n poeier, tablet of vloeistof, wat kieme vernietig, skoonmaak en bleik

1.4.14 Die resultaat van 'n ongebalanseerde dieet en die verkeerde inname van voedingstowwe

1.4.15 Waarneembare tekens van infeksie of siekte

(15 × 1) (15)

[50]

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B

VRAAG 2

2.1 Groot gedeeltes van ons bevolking woon in informele nedersettings.

Verduidelik volledig VIER gesondheidsrisiko's waarvoor kinders in hierdie informele nedersettings te staan kan kom. (4 × 3) (12)

2.2 Elke swangerskap en bevalling verskil, en probleme kan ontstaan.

Verduidelik kortliks die volgende metodes om komplikasies tydens geboorte te hanteer.

2.2.1 Epiduraal

2.2.2 Gebruik van instrumente

2.2.3 Episiotomie

(3 × 3) (9)

2.3 'Bors is die Beste.' Dit gaan egter ook met uitdagings gepaard.

Noem VYF nadele daarvan om 'n baba te borsvoed. (5)

2.4 Daar word aanbeveel dat kussings nie vir jong babas gebruik word wanneer hulle in die bed gesit word nie.

Gee TWEE redes hiervoor. (2 × 2) (4)

2.5 Onderskei kortliks tussen die *digitale termometer* en die *koorsstrokie* wat gebruik word om temperatuur te meet. (2 × 2) (4)

2.6 2.6.1 Noem die DRIE stadiums van swangerskap. (3)

2.6.2 Noem EEN simptoom van elke stadium wat in VRAAG 2.6.1 genoem word. (3)

2.7 Verduidelik VYF belangrike faktore wat 'n mens in aanmerking moet neem wanneer jy babaklere koop. (5 × 2) (10)

[50]

VRAAG 3

3.1 ‘n Swanger vrou moet aandag skenk aan haar persoonlike versorging.

Verduidelik hoe sy die volgende moet benader.

3.1.1 Slaapposisie

3.1.2 Huishoudelike take

(2 × 2) (4)

3.2 Verduidelik die verskil tussen *isolasie* en *kwarantyn*. (2 × 2) (4)

3.3 Bespreek DRIE metodes hoe ‘n baba gehelp kan word om gedurende en ná ‘n voeding van winde ontslae te raak. (3 × 3) (9)

3.4 Noem SES items wat nodig is wan neer ‘n baba se doek geruil word. (6)

3.5 Verduidelik waarom kolostrum so belangrik vir ‘n pasgebore baba se gesondheid is. (3 × 2) (6)

3.6 Noem SES eetgewoontes wat ‘n swanger vrou moet volg. (6)

3.7 Hoe kan ‘n VKO-praktisyn die risiko dat kinders in haar groep die griepvirus oordra, verminder? (2 × 2) (4)

3.8 3.8.1 Waarvoor staan die akroniem SIDS? (2)

3.8.2 Watter slaapposisie verminder na bewering die risiko van SIDS in jong babas? (1)

3.9 3.9.1 Noem TWEE kenmerke van ‘n borsgevoede baba se stoelgange. (2)

3.9.2 Noem TWEE kenmerke van ‘n bottelgevoede baba se stoelgange. (2)

3.10 Identifiseer die organe wat met die volgende sintuie geassosieer word.

3.10.1 Smaak

3.10.2 Gehoor

3.10.3 Tas

3.10.4 Sig

(4 × 1) (4)

[50]

VRAAG 4

4.1 Die gesondheidsinspekteur het jou dagsorgsentrum besoek om die standaarde van omgewingsgesondheid en -higiëne te kontroleer.

Verskaf AGT riglyne wat die versorger moet volg wanneer sy bababottels voorberei. (8)

4.2 Noem VIER meganiese funksies van die maag. (4)

4.3 Seer en gekraakte tepels is probleme wat algemeen met borsvoeding verbind word. Wat kan die moeder doen om dit te verlig? (4 × 2) (8)

4.4 Gee VIER wenke hoe om flenniedoeke korrek te was. (4 × 2) (8)

4.5 Bespreek VIER risiko's van stutvoeding. (4 × 2) (8)

4.6 Aambeie is 'n toestand wat die meeste swanger vroue ervaar.

Adviseer hulle hoe om hierdie probleem te hanteer. (2 × 2) (4)

4.7 Verduidelik TWEE voordele van immunisasie in kinders. (2 × 2) (4)

4.8 4.8.1 Waarom is *toetsweging* nuttig? (1)

4.8.2 Noem kortliks die DRIE stappe in toetsweging. (3)

4.9 Noem TWEE veiligheidsmaatreëls wat 'n mens moet tref wanneer jy 'n baba vashou. (2)

[50]

TOTAAL AFDELING B: 150
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou